21 Emosies

Huiskerk

Quellerina Gemeente

# Vergifnis

## Galasiërs 5:13-26

*Om vergifnis en versoening te bewerk is nie 'n reel wat ons moet nakom om in God se goeie boekies te kom nie. Dit is 'n leefwyse wat ons moet aanleer.*

*Self kan ons nie vergifnis en versoening bewerkstellig nie. God het Sy Gees gestuur om dit vir ons moontlik te maak.*

*Ons leef deur die Gees van God. Daarom moet die Gees ons gedrag bepaal – teenoor mekaar as gelowiges en ongelowiges.*

*Vergifnis is die wete dat ek en my verlede in die regte verhouding met mekaar staan.*

*Lees die teks stadig deur. Lees dit hardop indien moontlik.*

*Hoe pas hierdie by jou lewe in?*

*Wat kan julle as gesin uit hierdie storie neem?*

*Watse emosies kom by jou op as jy hierdie teks lees?*

*Waarom beleef jy daardie emosies?*

Notas

Huiskerk
Quellerina Gemeente

21 Emosies

# Vergifnis

*Wat beteken dit om 'in die Gees te wandel' (vers 16)?*

*Wat beteken dit om deur die Gees gelei te wees (vers 18)?*

*Die werke van die vlees (vers 19-21) klink almal redelik wêrelds. Hoe kan jy rekenskap gee vir die feit dat hierdie sondes ook onder Christene voorkom?*

*Wat is die oorsaak van die kontras tussen die twee lewenswyses wat beskryf word?*

*Hoe kan jy sien dat die vrug van die Gees in jou lewe ontwikkel (vers 22-23)?*

*Selfvergifnis en die versoening van verhoudings met ander maak 'n lewe van vrug moontlik.*